

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@ahsamil.co.za
Dr. C. Saayman, Eendekuil
saay@hantam.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

VOX VIVA

INHOUDS OPGAWE

**Koop Waarheid –
Verkoop dit nie!**

...2

**Gered - uit genade,
deur die geloof, tot
goeie werke!**

...4

**Evangelies-
gereformeerd**

...7

**Aan die einde van
Pinksterdag...**

...8

Redaksioneel

'n Mens kan dit byna nie glo nie, maar VOX VIVA is reeds vyf en 'n half jaar oud. Ons eerste uitgawe het op 1 Desember 2002 verskyn. Sederdien het ons die Here se guns ontvang om maandeliks artikels te publiseer wat daarop gemik is om gelowiges van gereformeerde belydenis te ondersteun. Eintlik was die bedoeling nie om sêlf artikels te skryf nie, maar om goeie artikels wat in Nederlandse tydskrifte soos *Nader Bekeken* en *De Reformatie* verskyn, te vertaal en in Afrikaans te publiseer omdat Afrikaanssprekendes nie altyd toegang tot daardie tydskrifte het nie. Uiteindelik het ons tóg meerendeels sêlf geskryf en steeds is daar 'n aanvraag na hierdie literatuur. Met groot dank aan al ons lesers.

En nou is ons bevoorreg om 'n nuwe fase te betree met die eerste uitgawe in 'n nuwe baadjie soos u hier sien. Ds Jopie van der Linden het die mooi inisiatief geneem om VOX VIVA se voorkoms meer aantreklik te maak. Ons groot dank aan hom en ook aan mnr Glenn Howell. Laasgenoemde het 'n groot hand in die daarstel van ons nuwe formaat tydskrif.

Ons gebed en verwagting is dat die Heer steeds die inhoud van VOX VIVA sal wil gebruik en seën ten einde die rykdom van die Skrif vir mense op bevatlike wyse te ontsluit.

Redaksie

Koop Waarheid – Verkoop dit nie!

Spreuke 23:22-25

Pieter Nel

Die woord “koop” in Hebreeus is presies dieselfde as vandag se woord vir “koop”. Die opdrag aan ons as kinders van God - om te gaan koop - klink nogal na iets avontuurlustigs! Nou is die vraag: Wat sal u gaan koop as u geld beskikbaar het? Hier sit ons wyse Vader, die Here God, sy vinger op ons eie ingesteldheid. Ons dink nie aan onderwys-gee as koop nie! Jy moet die waarheid koop! Maar hoe koop mens waarheid? Jy moet ook wysheid, tug en kennis koop. Hoe koop ek dit? Die dinge wat ek moet gaan koop, is buitengewoon. Ja, die Here se opdrag is om dinge te koop wat nie op die pamflette in my posbus staan nie. Ja, ek moet gaan koop, maar ek moet ’n totaal ander inkopielys hê!

Onthou dit gaan in Spreuke oor onderwysing, afrigting, oefening. Dit leer my dus iets wat ek nie van nature doen nie! Dit gaan hier oor lesse in die aanwending van my energie (my geld) in die rigting wat nie vanself kom nie. Ek moet moeite gaan doen om waarheid te vind. Ek moet iets prysgee om dit te verkry. Ek moet dan juis níé die tipiese “lekker” dinge gaan koop, wat op die advertensieborde staan nie.

Wat moet ek koop?

Waarheid (*emeth*) beteken dit wat vas, waar en onveranderlik is; regdeur Spreuke dieselfde woord. Dit is wat gekoop moet word. Dit is God se waarheid. Dit is daardie dinge wat baie langer hou as die goed wat ons so graag koop! Dit hou ewig! Waar vind ek dit? Ek vind dit by die Vader self, in sy Heilige Skrif, vgl. 2 Tim 3:16. Timoteus is volkome toegerus met die een Boek en daarin is alles wat hy nodig het!

- Die waarheid word daarom verder verduidelik as “wysheid” (*chokma*). Dit is daardie daaglikse praktiese wysheid en lewenskuns voor die aangesig van die heilige God. Hoe om nie dom dinge te doen nie, my nie te laat lei deur sinlike begeertes nie, om my medemens met respek te behandel. Gebroke verhoudings te heel en te bewaar.
- Die woord “tug” (*musar*) is teregwysing, instruksie, om geleer te word. Dink jou in hoe dit vir ’n dwaas moet klink. Jy moet teregwysing gaan koop. Jy moet vra om vermaan te word. Ook die woord tug is regdeur Spreuke dieselfde woord.
- Die laaste onderdeel van waarheid is “verstand”, om te verstaan; begrip; kennis; insig. Waar is die dinge te

vinde? Ja, ons het gesê hulle is in die Skrif. Maar, as dit in die Skrif is, waarom moet ek dit dan koop? Want die geloof vra ook van jou iets. Dit vra dat ons die Bybel opletend bly lees. Ons moet soek, klop, vind.

Verder is die waarhede van die Skrif se eggo oral te vinde! Ja, gaan soek hulle, hulle is werklik oral! Spreuke teken juis die alledaagse lewe van die Christen. Dit leer jou van die alledaagse lewe waar jy tussen die mense is, in die winkels, by die werk, tussen vriende. Dit wys ons dat wysheid en waarheid se kosbare edelstene oral te vinde is, soos wat ’n stukkende pêrelstring op die sypaadjie lê. Jy moet met God se Woord, God se waarheid tussen die alledaagse en tussen die afval gaan soek en vind.

Waaroor gaan dit dus werklik hier? Dit gaan oor God se eie stem, tussen ander stemme. Ja, geliefdes, God nooi my om by Hom te kom koop! Hy wandel in dié wêreld. Sy oë is op die regverdiges. God sê vandag opnuut vir my ek moet my fokus gedurig oefen en weer en weer instel. Ek moet stop en om my kyk. Ek moet myself telkens afvra - waarmee is ek besig? Waarmee is die mense om my besig? Waaroor gaan die lewe werklik? Gaan die lewe oor die dinge wat mense so graag koop en aanhou koop en om hulle hang en aan hulle mure hang? Raak ek ook meegesleur in dié tipe koopgier? Gaan die lewe werklik oor dit wat ons op die TV sien? Is dit nie juis waarom die wêreld vandag so oppervlakkig is nie? Wys dit nie vir ons die werklikheid van die sondeval nie!

Wat sal u gaan koop as u geld beskikbaar het?

God het ons nie so gemaak nie, geliefdes! Hy het ons gemaak na sy beeld. Om na sy beeld gemaak te wees is om waarheid, geregtigheid en heiligheid te ken. Dit is wat die mens anders gemaak het as die diere en die insekte. Maar die mens het nou soos ’n dier geword erger! Hy soek sy eie bevrediging. Soos Prediker sê: God het die mens goed gemaak, maar hy hou hom besig met allerlei slimmighede (Pred 7:29).

Wat is dit wat ek moet koop? Hoe som ek die waarheid op? Dit is niemand anders as Christus wat ek moet “koop” nie. Hy maak tog self baie duidelik bekend dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Hy nooi my om te kom en sy juk op te neem. Hy sê vir die ryk (!) jongman: “Koop My”. Verkoop alles en koop My! Maar juis Hy is die Een wat die wêreld maklik verbygaan (Jes 53). Juis daar waar mense nie vanself soek nie, daar is God te vinde as die grootste skat. Wat bedoel dit dat ons Christus en waarheid moet “koop”? Ons kan tog nooit genoeg hê om Hom te koop nie?! Hoe koop mens in elk geval abstrakte dinge? Jy moet goed verstaan.

“God vind vreugde in ons as ons vreugde in Hom vind”

-Augustinus

Christus het jou reeds gekoop. Jy is reeds Syne. In Hom is jy skatryk. Jy is die Koningsseun. Jy kan met Hom in jou hart, met sy Heilige Gees in jou onderskei. Jy het die salwing van die Heilige Gees deur die geloof. Die Heilige Gees brand in my om my die ware kosbaarhede te gaan wys! Hy lei my na Christus. Hy leer my wat Christus reeds geleer het. Onthou, ons is reeds koningskinders van God.

Spreuke is die advies van Koning Salomo aan sy seun. Dié seun het geen gebrek aan geld nie. Gaan lees maar oor Salomo se rykdomme! Ons het die Heilige Gees. Dit gaan dus nie daaroor dat ons Christus in eie krag moet koop nie. Dit gaan oor die oefening van die geloof wat Hy aan ons gegee het. Dit gaan oor wat mens elke dag opnuut moet soek, meer as enigiets anders. Die Heilige Gees moet sy kinders weer en weer nooi om te koop. Ons bestaan nie sommer net as kinders van God nie, net so min as wat mens net elke dag afgeronde mens is nie. Nee jy moet elke dag weer skeer, aantrek, eet, koop, werk. So is jou Christenskap ook iets wat aan die gang bly. Die spens is vol.

Christus sê vir die ryk jongman: “Koop My”. Verkoop alles en koop My!

Ons beursies is gelaai, maar ons moet tog steeds reg bly koop. Ons het al God se beloftes en ons weet dat niemand ons uit God se hande kan ruk nie. En tog, ons prioriteite moet ook by Christus bly. Elke dag kom die smouse na my met allerlei aanbiedinge. Elke dag moet ek reg koop! Wat beteken dit prakties? Soos Spreuke sê, kan dit beteken dat ek werklik wys koop en dat ek geestelik ook koop:

- Koop goeie geestelike boeke – kommentare op die Bybel; gereformeerde skrywers.
- Woon die eredienste by - daar kom die waarheid na jou!
- Bid en deursoek die Skrifte.
- Skei jou af van valse inligting wat van oral na jou kom!
- Soek en belê in Christenvriende
- Bestee tyd as gesin om sin te praat, om te leer van mekaar uit die Woord. Die ryk jongman het gemeen hy hou al die gebooie, maar hy kon Christus nie kies bo sy geld en eiendomme nie. Hy was baie arm! Petrus-hulle het daarenteen Christus gekoop! Hulle het Hom gevind.

Koop met jou ore

Ons vers lyk miskien of hy sommer so 'n versie tussen ander verse is, maar dit is nie so nie! Hy pas presies tussen die verse oor pa en ma se gesprek met hulle kind in.

Kyk mooi na verse 22-25. Dit gaan daar oor pa en ma. Dit gaan oor my ouers wat my leer om reg te koop! Wat is dus my “geld” waarmee ek prakties koop? Ons weet geloof is my geld, maar waar kom dit vandaan?

Die vers (22) voor ons teksvers wys ons presies waar ons ons geld kry. Ons kry dit by pa en ma deur te “luister”. Ons kry dit by ma as ons haar lering respekteer al is sy oud. Die Here het dit so gemaak dat ek die waarheid kry presies op dieselfde plek waar ek my sakgeld ook kry, by pa en ma. So leer die vyfde gebod: Eer jou vader en moeder. Ja kinders, God maak pa en ma jou heel eerste “geestelike bank” wat God jou gee.

God werk altyd met orde. Hy wil dat kinders by hulle ouers leer. Dieselfde mense wat my verwek, moet my daaglik opwek met hulle onderrig. Waarheid is nie iets wat ek sommer by enige iemand vind nie. Ek vind dit by mense wat met God 'n pad stap, verbondsmense.

Mense wat my verwek het, is die mense wat my steeds geestelik bly verwek. Selfs as dit soms moeilik gaan. Kyk maar waar die gesprek tussen kinders en ouers opgedroog het, hoeveel seer en ellende daar is. Ja, dit is vir kinders moeilik om te luister vir hulle ouers en onderwysers, veral as jy tiener is. Kinders ken hulle ouers en leermeesters tog so goed. Hulle het so baie foute. Die tiener het in hom- en haarself soveel ideale en hulle sien so baie ander moontlikhede. Onthou maar ons vers se konteks. Die Here gee dit so!

Ouers en leermeesters gee gehoorsame leerlinge ware koopkrag. So wil God dit hê! Ja, ouers en onderwysers, dit is moeilik om met hulle te praat, veral met tieners. Jy voel jy gee jou lewe vir hulle. Jy voel hulle daag jou uit. Hulle waardeer jou nie. Onthou God se Woord. Jy is hulle bank! Jy het 'n dure taak! Jy kan daarvan nie wegvlug nie! Let mooi op! Luister! Ek en u; kinders, ou mense, alle mense, is gemaak om met hulle ore te koop. God het ons so gemaak om deur gehoor te leer en wys te word. Dit kom egter nie vanself nie. Ek moet uitgaan en ek moet doelbewus gaan koop!! Ek moet luister na ander mense se wysheid. Ek moet nie dink ek het dit sommer net nie. Ek moet dit koop as iemand my tereg wys. As iemand met my raas, moet ek mooi dink daaroor. Ek moet God deur hulle probeer hoor.

Spreuke 17:3 sê ons dink altyd ons is reg, maar die Here kyk dieper. Spreuke leer ons dié beginsel baie duidelik. Wysheid sit nie in die mens nie. Dit sit buitekant sy ore. Dit kom van God. Ons leer deur te lees, deur te luister, selfs deur vermaan en gestraf te word.

- Spreuke 29:15 - Roede en bestraffing gee wysheid, maar die kind aan homself oorgelaat is op afdraende pad ... skande is waar hy gaan eindig.
- As jy jou kind nie gaan leer en vorm nie, gaan iemand anders dit doen. Sy ore staan oop soos die

“As ons swak is in ons verhouding met die Here, is ons swak op al die terreine van ons lewe”

-C H Spurgeon

motorhuis sonder deure. Die informasie vloei in elk geval daarin. Kyk wat gebeur met jou as jy met driftige mense omgaan. Jy word self driftig. As jy verkeerde vriende het. Jy word soos hulle.

• Daarom sit ek my kind in 'n skool waar die goeie saad om hom neersif! Sit jou kind by die Bybel neer. Sit jou TV af en jou leeslig aan!

• Spreuke 13:24 - Moenie bang wees om fisies te straf en streng te wees as die tyd reg is nie. Hy wat die lat wegsteek, haat sy seun.

• As wysheid self die lewe is (8:35,36), is dit die moeite werd om ook deur pyn dit te verkry. Jy sal sy siel van die hel vrymaak (23:14; 19:18). Dit vat soms meer as woorde om die woorde te laat insink (22:15). Jy dink nie aan klasgee as luister nie, né! Maar so is dit. Goeie leermeesters is goeie leerlinge! Nooit te slim, nooit te gerus, nooit te ervare om my ore te spits nie! Jesaja roep ons om te luister en te lewe.

Kry vreugde op die koop toe

Die sleutelwoord in vers 24-25 is juig en vreugde. Dié juig en vreugde kom op twee maniere. Wanneer die kind verwek is en wanneer die kind geestelik verwek is. Wanneer die kind die lewe ontvang en wanneer die kind die onderwysing van die ouers ontvang. Daar is niks so belonend vir Godvresende ouers as om te sien dat hulle kinders in God se weë wandel nie. So weet hulle het die kinders deel van hulle geword. Nie net geneties nie, maar ook geestelik.

Geloof in God bring vreugde! Gehoorsaamheid aan Christus bring blydschap. Spreuke vra daarom jou hart net in die volgende vers 23:26. God sê daar is vreugde in die hemele as een sonder hom bekeer. As mens iets gekoop het, het jy dit in besit. Dit verander werklik ook jou lewe. Die boom word geken aan sy vrugte. Jy wandel werklik met Christus. Dit is geen starre klomp kennis nie. Jy vind dat daar ander weë is as jou eie kragte en planne. God maak deure vir jou oop. Jy vind ewige vergifnis in Christus.

Elke dag kom die smouse na my met allerlei aanbiedinge. Elke dag moet ek reg koop!

Verkoop dit nie

Die Here wys ons dat die muntstuk ook 'n ander kant het. Ons kosbare waarheid wek ander se belangstelling. Daar is kragte en magte wat dit by ons wil wegneem.

• Daar is die magte van die Satan. Hy sal jou wil vertel die Bybel is nie die waarheid en Christus is nie die enigste Verlosser en die kerk is nie so belangrik nie.

- Daar is jaloerse mense wat jou graag sal wil sien val.
- Daar is jou eie ongeloof en sondige begeertes

Onthou jy is duur gekoop

Onthou jy het die Heilige Gees

Onthou jou beurs is vol

Onthou Christus is met jou

Onthou niemand kan jou uit sy arms ruk nie ... jy hoef nie te verkoop nie! Koop en verkoop nie!

Gered - uit genade, deur die geloof, tot goeie werke!

Efesiërs 2: 8-10

HLJ Momberg

Hierdie opskrif is sekerlik een van die mees sentrale waarhede van ons Christelike geloof. Dit is ook een van die basiese waarhede wat sekerlik al die heel ergste aangeval en vermink is. En dit is die groot antwoord oor hoe ons Christene geword het en hoe dit moontlik is dat ons Christene kan wees.

Ook is hierdie een van die wonderlike waarhede wat in die tyd van die Reformasie herontdek is. Vir eeue tevore is dit deur die kerklike burokrasie verduister en vervals; maar in die Reformasie weer ontdek.

Alleen uit genade is ons gered, deur geloof alleen. Nie uit goeie werke nie, maar tot goeie werke. Hiermee het Paulus die mees basiese foute van ons mensheid in die algemeen, maar ook die mees basiese dwalings van die kerk deur die eeue weerlê.

Die eerste basiese dwaling is dat die mens nie kan aanvaar dat die diepste sin van ons bestaan van buite onself kom. Dit is as 'n Godgegewe genadebewys aan ons geskenk.

Die ewige lewe is nie iets wat ons vir onself kan uitwerk nie. Dit is 'n genadegawe en 'n skeppingsdaad van God. Die tweede basiese dwaling waarmee die mensheid en ook die kerk deur die eeue besmet is, is om die heerlike gawe van die ewige lewe goedkoop te maak. Die idee dat die mens self sy bestemming kan bepaal, deur sy eie prestasies, is goedkoop in vergelyking met die sentrale Bybelse openbaring dat die ewige lewe 'n genadegawe en 'n skeppingsdaad van God in en deur Christus is en dat ons dit deur die geloof alleen kan kry. Met hierdie teksverse voor ons gee die apostel Paulus 'n samevatting van sy hele redevoering van hoofstuk een af: Hoe uitnemend groot die krag van God is, en hoe God se

“Niemand gee vrylik en gewillig sy diens aan God nie, tensy hy die liefde van God gesmaak het en dit hom dwing om God lief te hê, Hom te aanbid en te dien”

-Calvyn

uitverkiesende genade binne in ons tot uitvoering kom. Ook dit is in wese 'n samevatting van die hele Bybel, 'n opsomming van God se ewige genadeverbond, 'n uitdrukking van God se ewige raadsplan en hoedat ons deel daarvan word.

In kort: Die ewige lewe is alles en 'n gawe van God wat ons nie kan verdien nie. Dit is gratis, maar dit is nie goedkoop nie.

Die apostel werk hierdie samevatting in vers 8 - 10 uit in drie stellings:

1. Eerste maak hy die positiewe stelling in vers 8.
2. Dan versterk hy dit in vers 9 met die teenkant in 'n negatief.
3. En in vers 10 vat hy hierdie duursame boodskap saam deur die grondslag daarvan te verkondig.

Alleen uit genade is ons gered, deur geloof alleen. Nie uit goeie werke nie, maar tot goeie werke.

1. Alleen uit genade

Ons is Christene, kinders van God, suiwer alleen uit God se genade. Dit is so 'n belangrike vertrekpunt dat hy dit eintlik in vers 8 reeds vir die tweede maal binne 'n paar verse sê.

Nooit sal ons kan aanvoer dat ons iets van die saligheid verdien het nie. Wanneer ons die woord 'genade' hoor, moet ons onself as skuldiges voor God se ewige gerig sien. Terdoodveroordeel; dit is wat ons verdien.

Ons is alleen op grond van Christus se verdienste begenadig. Ons sondige daad het ons in die ewige dieptes van die dood gedompel. Dit is ons prestasie. Berge val op my, heuwels bedek my. Watter vreeslike onreg het ek teen God en teen my medemens gepleeg!

As ons aan die kruis moes hang deur God se vloek, kan ons maar een kreet uiter, net soos die kruiseling langs aan Jesus gesê het.

Ons is vervloektes omdat ons dit verdien het. Tot die dood toe sleg. Dit is ons verdienste. Dat ons mag lewe en die heerlike lewendwekkende kragwerk van God mag ervaar, is slegs 'n onverdiende guns wat God ons bewys.

Daarom, bejaarde mense, weet goed dat u dit nie verdien om oud te wees nie.

En jonge broeders en susters: u het geen regte waarop u aanspraak kan maak dat u mooi en jonk en sterk kan wees nie. Liewe kindertjies, ook julle verdien dit nie om lewenslustig te wees en te droom dat julle eendag

groot sal wees nie. Gesonde mense, weet maar, julle verdien dit nie om gesond te wees nie. Ons verdien dit nie om met mooi motors rond te ry nie. Ons verdien dit nie om in mooi huise te bly nie. Ons verdien nie goeie betrekkinge nie. En bowenal, ons verdien nie om ons hoop uit te strek na die ewige lewe, na die verhewe stad, na die nuwe aarde, en na al die seëninge daarvan nie.

Die ewige lewe met sy volle pakket word omhul met die slagspreuk: Genade alleen! Die apostel het nooit moeg geword om dit vir die gemeentes te sê nie.

En hoe kon hy ook anders: As hy maar net teruggedink het aan daardie Saulus van Tarsus wat Jesus so gehaat het, en aan die Christelike kerk wat hy met die banvloek wou tref. En as hy oordink wat alles intussen met hom gebeur het, ook al is hy op die oomblik dat hy hierdie brief skryf 'n gevangene in Rome ... dan kon hy maar net een ding bely: Ek is 'n verlose, ek is 'n kind van God alleen uit die genade wat God aan my verleen het.

Wie van ons kan enigiets anders sê? Elke ou verdienstetjie wat ek in my lewe kan aanwys, is so goedkoop soos strooi. Dit verdwyn as dit brand ruik.

Dit bring ons juis by die radikale teenstelling wat Paulus hierna maak: Die feit dat ons Christene is, gee ons geen rede om te loop en spog nie. Hierdie verlossing uit genade deur die geloof kom nie uit onself nie. Die mens kan nie sy eie bestemming uitwerk soos wat die algemene redenasie van die groot denkers vandag is nie.

Kyk maar net hoe seek die mense na oorwinnings: hulle skiet mekaar flenters, hulle smag na sportoorwinnings, hulle hunker na blink prestige. Paulus verwys in die verband nog 'n keer na homself. Na allerlei dinge waarop hy nogal in die verlede gesteun het. Sy afkoms: Hy was 'n bloedlyn-afstammeling van die Hebreërs. Hy het uit die geslag van Benjamin gekom.

En sy persoonlike prestasies was tog so belangrik.

Hy was 'n fariseër, onberispelik in die nakoming van die wet, en 'n onblusbare yweraar – 'n vervolger van die Christene.

Elke ou verdienstetjie wat ek in my lewe kan aanwys, is so goedkoop soos strooi. Dit verdwyn as dit brand ruik.

Maar hy sê self dat hierdie dinge drek is in vergelyking met die egte saligheid in Christus Jesus. Die redding kom nie uit onself nie. As dit uit onself moes wees, sou dit goedkoop wees. Dit is merkwaardig hoe uitgebreid die Prediker al hierdie menslike prestasies onder die son beskrywe, dit kom tot niks. Dit is tevergeefs. Dit is 'n gejaag na wind. En hoe is ons nie geneig om te spog

“By God is sê en doen nie twee dinge nie, daarom mag dit ook nie by ons so wees nie”

-M Henry

wanneer ons voel dat ons iets goeds reggekry het nie! Hoe dikwels gaan dit nie ook maar so met toegewyde gelowiges nie? Soos die gelykenis van die fariseër wat Jesus vertel het nie.

Want toe daardie fariseër (Luk 18: 9) sê dat hy twee keer per week vas, het hy die waarheid gepraat. Toe hy gesê het dat hy 'n tiende gee van alles wat hy besit, was hy dodelik akkuraat. Die fariseërs was nie net praters nie. Hulle het waarlik gedoen! Juis daarom het hulle die evangelie van die kruis van Jesus Christus so verag; hulle wou nie die woord 'genade' hoor nie.

Genade trek 'n streep deur hul verdienstes. Hulle kan nie meer vertrou op wat hulle sien en doen nie, hulle moet vertrou op wat hulle nie gesien en nie gedoen het nie. Hulle moet vertrou op wat Christus vir hulle gedoen het. Hulle moet oorgaan na die on sienlike. Hulle moet glo!

Hulle prestasies is skielik niks werd nie. Hulle kan hulself nie meer bo die res van die volk laat uitstyg nie. Hulle kan hulself nie meer beter as die ander bevolkingsgroepe ag nie. Hulle kan nie meer rassisties wees en diskrimineer en spog nie. Hulle kan nie meer neus in die lug rondom ander sondaars loop nie. Hulle kan hulself nie meer beter beskou as die hoere en die tollenaars nie. Dit alles kan hulle nie verlos nie. Vir hul verlossing moet hulle God se genade omhels; nie die werke nie.

Dit geld ook vir ons. Ons kan nie sê dat ons tog 'n beter skool het nie. Of 'n beter gemeente. Of beter standaarde.

Hoe tragies dat mense die evangelie van genade verag omdat hulle dan nie meer kan spog nie.

Maar, wag nou dominee! Ons is nie meer in daardie kategorie van die goeie werke nie. Ons aanvaar die geloof as die weg waardeur ons die genade omhels. Waarlik, ons ry nie met daardie mooi motors omdat dit ons aansien verhoog nie. Ons jaag ook nie skoonheidsalonne en kunskompetisies na omdat ons wil spog nie. Ons omhels suiwer en alleen God se genade deur die geloof!

Goed so, jonge broeder en suster. Maar luister dan ook goed na die teks van die Heilige Gees: die genade deur die geloof. Dit is 'n gawe van God. Selfs daardie hardwerkende geloof van jou is nie jou prestasie nie.

Moenie sê: ons het darem 'n sterker geloof as al daardie ander nie. Die geloof waardeur ons God se genade ontvang is niks beters nie as daardie begenadigde straatvrou s'n wat Jesus se voete met haar tranes gewas en met haar hare afgedroog het nie. Daardie besef van sondes en daardie vergiffenis van sondes. Dit is alleen God wat jou dit maak doen. Dis 'n gawe van God.

2. Begenadigde verlostes

En hiermee gaan Paulus in vers 10 tot by die diepste wortel van ons Christenskap. Dat ons begenadigde verlostes is in Christus, en dat ons dit deur die geloof ontvang. Dit is alles die resultaat van God se handewerk. Gelowiges is die resultaat van God se skeppingswerk.

Maar dan is dit ook belangrik dat ons besef dat hierdie gawe nie goedkoop is nie. Hy het ons in Christus deur sy Gees herskep – nie om verder te mors in die sonde nie. Maar geskape tot goeie werke. Christus het vir al ons sondes betaal. Hy is ook die Een wat ons tot 'n nuwe lewe opwek. En wanneer hier gesê word dat ons deur God herskep is, dat ons saligheid letterlik die handewerk van God is, noem Paulus ook hier dat dit in Christus is.

Aan die Galasiërs stel Paulus dit baie treffend: Galasiërs 4: 19: "My kinders, vir wie ek weer in brensnoed is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry."

Deur die werke word ons hoe langer hoe meer vernuwe tot die ewebeeld van die Here Jesus Christus. Die enorme krag wat God in die gelowiges werk, is nie onvrugbaar in ons nie. Dit bewerk daagliks bekering – die aflê van die oue sondige mens en aantrek van die nuwe mens wat na God geskape is. In die meestergestalte van Christus sien ons presies hoe God die goeie werke vir ons voorberei en voorbeskik het sodat ons daarin kan wandel.

Hy het ons in Christus deur sy Gees herskep – nie om verder te mors in die sonde nie

Daardie meesterplan het die HERE vir Moses op kliptafels beskryf, 'n tienpuntige volmaakte portret van die Here Jesus Christus. Wie in Christus herskape is, word ook hoe langer hoe meer tot sy ewebeeld vernuwe. Nie sonder baie stryd nie. Nie sonder baie struikel en val nie. Nie sonder 'n al dieper ontdekking van ons eie swakhede en sonde nie. Maar tog - 'n kragwerk! 'n Nuwe strewel! 'n Lewende hoop! 'n Groeiende soeke na die volmaakte! 'n Brandende hart! 'n Vurige liefde. Soos mense wat die on sienlike werklikheid al hoe helderder sien - ons hemelse Bruidegom. Wat deur al hierdie aardse stryd heen begeer om met sy volmaaktheid oorklee te word; om te verlang om die Here Jesus van aangesig tot aangesig te mag aanskou, aan sy beeld gelykvormig te wees, omdat ons Hom sal sien soos wat Hy werklik is.

Geskape in Christus Jesus **tot goeie werke**

- wat God voorberei het,
- sodat ons daarin kan wandel.

“Een van die groot redes vir probleme in die kerk, is die feit dat die (onderlinge) tug nie funksioneer nie”

-K Runia

Chris Saayman

Twee maande gelede – in die artikel getiteld *Katoliek, Protestants, Gereformeerd en Evangelies* – is aangetoon op watter wyse 'n gereformeerde gelowige/kerk ook *evangelies* behoort te wees. In vandeemaand se artikel wil ek probeer aantoon op watter wyse evangeliese gelowiges ook *gereformeerd* behoort te wees! Anders gestel: evangeliese kerke met 'n sterk reformatoriese (Calvinistiese) basis kan gevaar loop om die verkondiging van die rykdom van die evangelie te verskraal indien bepaalde Bybelse momente – wat besonder eie is aan die gereformeerde geloofsleer – misverstaan óf verontagsaam word. Hier word spesifiek na die leer van die genadeverbond verwys.

Sommige evangelies-reformatoriese kerke is geneig om hul gereformeerde basis te verskraal tot slegs die sogenaamde “five points of calvinism”. Daaronder word verstaan sake soos die “totale verdorwenheid van die mens”, “Gods onvoorwaardelike uitverkiesing”, die “bepaalde versoening”, die “onweerstaanbare genade” asook die uiteindelik “volharding van die gelowiges.” Verskillende evangelies-reformatoriese kerke vind in hierdie breëre calvinistiese basis by mekaar aansluiting. Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan die talle gereformeerde baptiste groepe, die evangeliese Anglikane ensovoorts. Die volstrekteid van die vrye genade van God word by al hierdie kerkegroepe gehandhaaf en skerm hulle af van arminiaans-evangeliese groepe.

...daarvan wegstroom om die evangelie binne die verbondsmatige konteks van die Skrif te verkondig en sodoende word die verkondiging onvermydelik verarm.

'n Mens vind egter dat genoemde evangelies-reformatoriese kerke/gelowiges daarvan wegstroom om die evangelie binne die verbondsmatige konteks van die Skrif te verkondig en sodoende word die verkondiging onvermydelik verarm. Wanneer die appèl van die evangelie buite die kontoere van God se genade-inisiatief geplaas word, word die mens op homself teruggewerp om “die Here te vind” en “aangeneem te kry.” Die insig wat die gereformeerde aksent meebring, verryk egter die verkondiging dramaties en plaas vaste grond onder die gelowige se voet – die vaste grond van Gods verbysterende genade-inisiatief wat

Verbondsmatige verkondiging is niks anders nie as om die evangelie binne die “omhulsel” van Gods belofte te verkondig nie. Wanneer die Woord iemand se ore bereik, bring God 'n band tussen Homself en die mens tot stand. Die Woord skep 'n verbinding tussen God en mens. God bring die mens binne Sy dampkring deur middel van die verkondigde Woord. Hy sluit die hoorder in by die heil. 'n Meer bybelse manier van sê sou wees om te sê dat God die hoorder van Sy Woord binne 'n verbondsverhouding met Homself bring. Want d.m.v. die verkondiging word 'n eensydige toesegging gemaak: God sê aan die hoorder die heil toe. Hy sê letterlik: “Ek verklaar aan jou dat Ek jou ingesluit het by die kruisverlossing van Golgota en daarom is jou skuld betaal. Ek het jou met myself versoene. Plaas jou vertrou daarop en begin met My leef.” Let op dat dit presies die manier is waarop die apostel Johannes dit doen in 1 Joh 5: 9-13: God se “getuienis” - wat aan almal verkondig word – behels dat “Hy ons die ewige lewe gegee het deur Sy Seun”. Let op die verlede tyd “gegee het”. Dit is hierdie getuienis wat geglo moet word. Wie dit nie glo nie, maak God tot leuenaar en gaan verlore.

Dit is nie alleen kerke wat die kinderdoop bedien wat aanspraak kan maak op verbondsmatige verkondiging nie. Wanneer ookal die toesegging wat die Skrif maak, korrek verstaan en verkondig word, is daar sprake van verbondsmatige verkondiging, sonder dat die begrip “verbond” direk ter sprake kom! Hoe dikwels kom die begrip “verbond” slegs ter sprake wanneer die legitimiteit van die kinderdoop verdedig word! Aan die ander kant is daar kerke wat die kinderdoop bedien sonder enige noemenswaardige verbondslere. 'n Mens sou kon sê hulle bedien die kinderdoop sonder dat hulle enige substansiële inhoud daaraan heg. Natuurlik verryk die korrekte verstaan van die doop die verkondiging, want die doop onderstreep aan die individu dít wat die Woord in elk geval aan die persoon toesê: “Jou sondeskuld is regtig op Golgota uitgewis.” Op watter wyse of tydstip die persoon ookal gedoop is, die verkondigde Woord spring die doop voor. Ook die ongedoopte persoon wat die verkondigde Woord aanhoor, ontvang uit die Skrif die toesegging van dieselfde verbondsbefoete en mag dit onmiddelik aanneem. Die gedoopte het nie 'n voorsprong bó die ongedoopte nie. Die voorreg wat die gedoopte egter wél het, is dat die doop die verkondigde Woord persoonlik waarborg en onderstreep ten einde aan die hoorder volkome sekerheid te gee. Bo en behalwe die verkondigde toesegging, gee God Sy sigbare handtekening daarby en wie kan dan nog twyfel?

“As ons ooit die basiese reël vergeet “My huis is ‘n huis van gebed” dan kan ons maar net so goed die kerkdeure toemaak”

-S Stewart

Dit is die rykdom van die pastoraal-sakramentele betekenis van die doop.

Bo en behalwe die verkondigde toesegging, gee God Sy sigbare handtekening daarby en wie kan dan nog twyfel?

Evangelies-reformatoriese kerke wat hul gereformeerde basis verstaan én dit ernstig neem, handhaaf die evangeliese klem op die soteriologie, die ononderhandelbare noodsaak van geloof en bekering, asook die klem op sekerheid van saligheid en 'n passie vir sending en evangelisasie (soos in die vorige artikel aangedui), maar benader dit vanuit die vrye toesegging van die reeds volbragte heil en die persoonlike insluiting van die individu daarby. Die band (verbond) wat die verkondigde Woord tussen God en hoorder skep, word sodoende korrek verstaan en aan mense bedien. Dit is van hieruit wat die geloof en bekering as Godgegewe vrug voortvloei.

Aan die einde van Pinksterdag...

E. Viljoen

Waarom dink ons as ons Pinkster herdenk? Verseker aan Jesus Christus wat die belofte van Johannes die Doper waar gemaak het – Hy doop met meer as net water. Hy doop met die Gees. Hy stort die Gees as oorvloedige gawe uit die hemel. En dit gebeur alles op eg dramatiese en goddelike manier. Heeltemal vergelykbaar met die Here se neerkom op die berg Sinaï. 'n Stormwind waai deur die huis waarin die gelowiges bymekaar was. Daar kom vuur uit die hemel, maar steek nie 'n berg aan die brand nie. Dit kom neer op elkeen van die gelowiges.

Die oes van Pinkster

Maar wat bly oor nadat die stof aan die einde van daardie Pinksterdag gaan lê het? Die rukwind is nie meer daar nie. Die vuurtong is ook nie meer te sien nie. Wanneer dit alles verdwyn, bly daar wel iets baie spesiaal oor in Jerusalem. Blykbaar is dit waarvoor alles gegaan het op hierdie spesiale dag.

Daar het iets blywends in Jerusalem agtergebly. 'n Gemeente. Die hele Pinksterverhaal loop uit op die beskrywing van ...'n gemeente! Die gevolg op die gebeure die oggend van Pinksterdag, is nie 'n herhaalde rukwind en onuitblusbare vuurtong nie. Wat wel gesien en gehoor kon word, is 'n gemeente wat sigbaar eendragtig was en hoorbaar gebid en gesing het. Dit is die groot wonder van Pinksterdag!! Die groot oes van Pinksterdag is 'n gemeente vergader in die Naam van Jesus, die Messias van Israel. Op hierdie dag word drie duisend siele toegevoeg.

Dit wat agterbly aan die einde van Pinksterdag is iets nuut. In Jerusalem was daar nog altyd die tempel. Daar het die gelowiges gaan bid en daar was die middelpunt van die volk van die Here. By die inwyding van die tempel het die wolk van God se heerlijkheid oor die tempel gekom. Nou het daar iets gekom binne die volk Israel – 'n gemeente onderskei van die volk Israel.

Eie kenmerke

'n Gemeente wat onderskei word van Israel, het haar eie kenmerke het. Teen die agtergrond van 'n eeue-oue volk, Israel, met haar tempel, groei daar 'n gemeente van gelowiges wat hulle laat red vanuit daardie mense wat Christus nie wil erken as die Een wat aan die regterhand van die Vader in die hemel gaan sit het nie.

Die antwoord op die vraag van die skare wat hulle moet doen, was: "Laat julle red uit die geslag wat hul boosheid laat sien in hul kruisiging en verwerping van Jesus Christus!" Pinksterfees wil ons leer om nie gering te dink van die bestaan van 'n gemeente van Christus nie. Die gemeente is werk van die Gees van God. Die Gees wat mense bymekaar maak rondom die hemelse troon van Jesus Christus.

Pinkster wil vir ons nuwe verwagting en hoop gee. Daar gebeur vanaf Pinkster iets wat selfs nie eers gebeur het toe die Here Jesus nog op aarde was nie. Tydens sy lewe op aarde volg groot skares Hom. Maar hulle verdwyn ook weer soos mis voor die son.

Die hele Pinksterverhaal loop uit op die beskrywing van ...'n gemeente!

Dit is duidelik dat baie Hom gevolg het alleen maar vanwege die wonderwerke wat Hy gedoen het. Sy kruisiging het hulle in elk geval ontugter gelaat. Waar kom die nuwe hoop dan vandaan?

“Ek het die kerk gesoek en dit in die wêreld gevind, maar ek het ook die wêreld gesoek en dit in die kerk gekry”

-T Bonar

Die verklaring lê in wat ons op hemelvaartdag gehoor het. Jesus het aan die regterhand van die Vader gaan sit. Die geslagte Lam het in die hemel gekom. Hy was en is waardig om die boek van God se werk op aarde te neem uit God se hand. Hy is nou die een wat die seëls kan oopmaak en laat gebeur wat God só graag op aarde wil. 'n Mensdom wat Hom weer aanbid en dien en loof. Op aarde kom daar mense met 'n totaal nuwe lewensorientasie. 'n Nuwe fokuspunt. Christus op die troon van God. Christus wat aanbid word. Die nuwe bron en norm van lewe.

Daarom kom daar op aarde iets nuut tot stand. Nie omdat die dissipels die wonder ontdek het van 'n "missionêre gemeente" of hulle 'n stewige dosis selfvertroue bygekry het nie. Die verklaring vir dit wat in Jerusalem oorgebly het na die son gesak en die stof van die dag gaan lê het, is nie 'n menslike nie. Die kragbron vir die gemeente wat daar was, was Christus wat vanuit mdie hemel sy Gees hier op aarde vir sy gemeente kom gee het.

Dit moet ons leer om met nuwe oë te kyk na die gemeente waarvan u lidmaat is. Wees heel versigtig hoe jy oor die gemeente praat en hoe jy jouself in die gemeente opstel. Wat bepaal jou verwagtings van die lewe in die gemeente? Wat is bepalend vir jou houding in en teenoor die gemeente? Dit wat in die eerste plek by elkeen van ons pas, is verwondering. Verwondering oor wat Christus ten spyte van ons eie swakhede gedoen het en steeds doen. Ons eerste houding moet 'n diepe dankbaarheid teenoor Christus wees vir wat Hy hier op aarde deur sy Gees tot stand gebring het. Miskien moet ons ons veel ernstiger afvra of ons houding teenoor die gemeente bepaal word vanuit 'n diepe besef dat die gemeente Gees-werk is. Die bestaan van die gemeente in Jerusalem aan die einde van die Pinksterdag, was Jesus se antwoord op die vraag van die dissipels of Hy in daardie tyd die koninkryk van Israel weer gaan oprig (Hand. 1: 6). Jesus rig as Koning van Israel uit die hemel 'n gemeente op. En vanaf Jerusalem ook in Judea en Samaria en tot in Suid-Afrika. In plaas van die oprigting van die koninkryk vir Israel, stort Hy sy Gees uit om gemeentes tot stand te bring.

Miskien moet ons ons veel ernstiger afvra of ons houding teenoor die gemeente bepaal word vanuit 'n diepe besef dat die gemeente Gees-werk is

“Die ware skat van die kerk is die Evangelie van Jesus Christus”

-M Luther